

KOERS VOORSKRIFTE AAN SKRYWERS

Aard van artikels wat aan *Koers* voorgelê word.

By die aanbieding van artikels wat aan *Koers* voorgelê word, moet die aard van *Koers*-artikels beslis in ag geneem word wat die invalshoek, vertrekpunte, aanbiedingswyse, gevolgtrekkings, ensovoorts betref.

- **Tipiese *Koers*-artikels het 'n geïntegreerde prinsipiële/lewensbeskoulike begroning en is hoofsaaklik besinnend van aard. Die artikels behoort dus nie net die aanbieding van feitelike of empiriese navorsing te wees nie, maar moet in 'n wyer (filosofies-) besinnende raamwerk ingebed wees.**
 - Prinsipiële/lewensbeskoulike besinning impliseer 'n kritiese beoordeling van gestelde standpunte. Die outeur se eie vertrekpunte en uiteindelijke standpuntinname behoort duidelik uit onder andere sy gevolgtrekkings of invalshoek te blyk.
 - Relevante en onderliggende (vak)filosofiese, etiese of morele kwessies wat verband hou met die onderwerp van die artikel kan dus in die argumentasielyn geïntegreer en aangesny word.
 - Die subtitel van *Koers* is "Bulletin vir Christelike Wetenskap". *Koers* se grondslag is Christelik, maar ruimte word gelaat vir gemotiveerde meningsverskil en diskussie. Outeurs behoort dus met 'n Christelike perspektief op die relevante kwessies in gesprek te tree, wat nie beteken dat die outeur daarmee hoef saam te stem nie.
 - *Koers* is 'n geakkrediteerde interdisiplinêre tydskrif wat navorsingsartikels uit alle vakgebiede publiseer. Artikels moet dus vakgerig wees, maar ook toeganklik vir 'n wyer teikengroep, dit wil sê 'n leserpubliek wat nie noodwendig op hoogte is met die spesifieke vakjargon en tendense binne 'n spesifieke vak dissipline nie. Artikels moet egter steeds voldoen aan wetenskaplike gehalte en die standaard vir navorsingsartikels wat in 'n geakkrediteerde tydskrif gepubliseer word.
1. **Ooreenkoms met skrywers: Alleenreg op publikasie:** Die voorlegging van 'n artikel aan *Koers* impliseer dat *Koers* alleenreg op die publikasie van die artikel het – sowel in gedrukte media as in elektroniese en ander media. Alle artikels wat in hierdie tydskrif verskyn is oop-toegang en word onder die '[Creative Commons Attribution](#)' lisensie gepubliseer.
 2. **Aard van bydraes:** *Koers* is 'n interdisiplinêre blad; daarom word artikels uit alle vakgebiede verwelkom. **Artikels moet egter 'n prinsipiële begroning of standpuntinname bevat** (wat nie noodwendig dié van die Redaksie hoef te wees nie).
 3. **Keuring:** Alle voorleggings sal deur minstens twee keurders beoordeel word. Keuring word in algehele vertroulikheid gedoen, en die identiteit van die skrywer en keurders word nie bekend gemaak nie. Outeurs moet hulself **nie in artikels identifiseer** deur onder andere hulle voorletters, van of universiteit in voetnote of gedeeltes tussen hakies te gebruik nie.
 4. **Formele vereistes:**

- **Taalmedium:** Manuskripte kan in Afrikaans, Engels of Nederlands voorgelê word.
- **Die manuskrip** moet in A4-formaat wees, in dubbelspasiëring, met ruim kantlynspasies. Die manuskripte moet taalversorg en finaal geredigeer wees.
- **'n Rekenaarweergawe** van die artikel word by voorlegging verlang. Dien die elektroniese weergawe van die artikel by www.koersjournal.org.za in (verkieslik as 'n *Word*-dokument). Neem kennis: voor 'n manuskrip ingedien kan word moet jy as outeur op die webtuiste geregistreer wees.
- Op die **titelblad** moet die outeur se voorletters en van, departement, universiteit en persoonlike e-posadres verskyn. Verstrek ook 'n privaat posadres (waarheen 'n hardekopie van die uitgawe ge-koerier kan word) en 'n telefoon- of selfoonnommer (slegs vir dringende sake).
- **Lengte:** Vyftien (15) gedrukte bladsye (± 6 100 woorde) word as algemene riglyn gestel.
- **Stylfasette:**
 - Die **titel** moet so kort en bondig as moontlik wees. **Genommerde opskrifte en subopskrifte** moet met Arabiese syfers met punte genummer word, byvoorbeeld 3. word gevolg deur 3.1, 3.1.1 en 3.1.1.1 (tot hoogstens die vierde vlak).
 - Die titel **mag nie in hoofletters geskryf word** behalwe waar hoofletters noodsaaklik is nie.
 - Artikels moet verkieslik verdeel word in **subparagrafe** met **gepaste genommerde opskrifte**.
 - Afkortings en akronieme in die normale teks is nie aanvaarbaar nie. Akronieme wat algemeen gebruik word, byvoorbeeld VSA, is egter aanvaarbaar.
 - Kursivering word as aanduiding van beklemtoning of van 'n woord of uitdrukking uit 'n ander taal gebruik.
 - **Grafiese voorstellings, sketse, diagramme, tabelle** moet reeds rekenaarmatig voorberei en deel vorm van die finale dokument.
 - Hierdie grafika kan in enige rekenaarpakket voorberei wees, maar moet in 'n **jpeg**-formaat gestoor wees.
 - Die grafiese lêers moet ook apart elektronies ingedien word. Die lêernaam moet duidelik aangetoon word.
 - Die lettertipe wat in die grafika gebruik word, moet aanpas by die lettertipe wat *Koers* gebruik (Arial) – verkieslik 12-pt grootte.
- **Nadat die keuringsproses afgehandel is** en die outeur die kommentaar verwerk het, stuur asseblief 'n rekenaarkopie van die hersiene artikel **en die outeur se begeleidende brief**.

5. **Abstract:** Alle artikels moet van 'n taalversorgde opsomming ('n *abstract* in Engels) van ongeveer 200 woorde voorsien word. Direk daarna moet die **Afrikaanse vertaling** ingevoeg word – **ook die vertaalde artikeltitel**.
6. **Kernbegrippe:** Aan die einde van die artikel: voeg 3-4 kern begrippe/baie kort frases in waaronder die artikel geïndekseer kan word. Gee ook onder *key concepts* die Engelse vertalings hiervan.
7. **Bladgeld:** By die voorlegging van 'n navorsingsartikel onderneem outeurs verbonde aan tersiêre inrigtings in Suid-Afrika om, indien die artikel vir publikasie aanvaar word, die voorgeskrewe bladgeldfooi (2021: R650 per bladsy vir 'n pdf van 590 woorde/bladsy) te betaal. Outeurs kan gewoonlik die bladgeld van hulle inrigtings of navorsings instansies verhaal. Bladgelde is onderhewig aan 'n jaarlikse verhoging. Neem kennis dat dit gratis is om 'n artikel in te dien nie. Bladgelde is slegs van toepassing sodra die artikel gepubliseer word.

Koers publiseer 'n gemiddeld van sewe bladsye per artikel.

8. **Mede-outeurskap:** Artikels wat voortspruit uit verhandelings of proefskrifte: voor die voorlegging van die artikel moet die skrywer oorleg pleeg met die studieleier/promotor.
9. **Proefdruk:** 'n Proefdruk word vooraf aan die artikelskrywer gestuur om te proeflees. Neem kennis dat die wagtyd tussen voorlegging en plasing normaalweg 3-9 maande is. Die proefdruk word normaalweg elektronies gestuur. 'n Lys van nodige veranderinge, met bladsy-, paragraaf- en reëlnommers, moet per epos aan Koers gestuur word.
10. **Verwysingsmetode:** Die **verkorte Harvard-verwysingsmetode** moet gebruik word. Verwysings in die teks word soos volg aangebring: Anderson (1982:305), of (Anderson, 1982:305). By verwysing na werke van Klassieke en Middel eeuse outeurs word die naam van die outeur, die Latynse/ Griekse titel van die werk (kursief), en die boek, hoofstuk, paragraaf of reëlverwysing (in Arabiese syfers met punte tussenin) vermeld, byvoorbeeld:

Vergilius (*Aeneïd* 12.601); of
Cicero (*De Officiis* 1.13.2).

11. **Voetnote: Die gebruik van voetnote moet so ver moontlik beperk word.** As dit egter noodsaaklik is om van voetnote gebruik te maak, dui die voetnootnommer op die tersaaklike bladsy in die teks aan en verstrek ook die volledige teks van die voetnote onder aan die betrokke bladsye.

Verwysings na bronne wat in 'n voetnoot gegee moet word, word net soos in die hoofteks gedoen. **Geen voetnoot moet egter uitsluitlik vir bibliografiese besonderhede gebruik word nie.**

12. **Geraadpleegde bronne**

Bibliografiese besonderhede word in die lys van geraadpleegde bronne verskaf en nie by wyse van voetnote nie. Slegs werke waarna in die artikel self verwys word, moet in die lys van geraadpleegde bronne

opgeneem en alfabeties gerangskik word.

Gebruik asseblief die outeur se van en **voorletters/name (skrywersnaam)** in die vorm soos dit op die titelbladsy van die boek of in die tydskrifartikel aangedui is.

Titels:

Selfstandige naamwoorde word nie met hoofletters geskryf nie, behalwe in die geval van eiename – of in spesiale gevalle.

Boeke:

FOURIE, H.W. 1982. *Stylfigure*. Pretoria: Van Schaik.

ALFAU, F. 1988. *Locos: a comedy of gestures*. London: Viking.

In alle bibliografiese inskrywings moet die plek van uitgawe en die uitgewer van 'n publikasie vermeld word. **Titels is nie kursief nie.**

Tydskrif:

DU PLESSIS, W. 1982. Die regsetiese implikasies van buite-egtelikheid. *Koers*, 50(3):218-223.

Titels van tydskrifte word kursief geskryf. Geen aanhalings ekens word gebruik by titels van tydskrifartikels nie. **Tersaaklike bladsynommers** moet verstrekk word.

Verhandeling/Proefskrif:

DE WET, M. 2002. Die voedingswaarde van geprosesseerde kos. Potchefstroom: PU vir CHO. (M.Sc.-verhandeling.)

Hoofstuk in 'n versamelwerk:

MASSIMO, J.L. 1970. Psychology and the gymnast. (*In* George, G., ed. *The magic of gymnastics*. Santa Monica: Sundby Publications. p. 31-33.)

By bydraes in versamelbundels moet die **tersaaklike bladsynommers** vermeld word.

Internetgebruik:

NUNES, J. 1997. Hypermedia as a learning tool. <http://www.shuf.ac.uk/~is/lecturer/ircont.html> Date of access: 14 Oct. 2015.

KANNEMEYER, J.C. 2005. Bestekopname van die Afrikaanse poësie. <http://www.litnet.co.za/seminaar/konrij.asp> Datum van gebruik: 7 Okt. 2013.

Koerantberigte

- In aanhalings uit *koerantberigte* waar die outeur onbekend is, is die inskrywing onder Anon.

Voorbeeld van skryfwyse **in die teks** van die artikel:

Onlangs is met verontwaardiging gestel dat “net die opspraakwekkendste gegewens in 'n roman die koerant haal” (Anon., 2005:11).

In die bronnelys:

ANON. 2005. Kritici peper die media. *Beeld*: 11, 17 Feb.

- Koerantberigte waar die skrywer wel genoem word:

Voorbeeld van skryfwyse **in die teks** van die artikel:

'n Briefskrywer het byvoorbeeld genoem dat ouers toenemend betrokke behoort te raak by hulle kinders se onderrig (De Klerk, 2005:9).

In die bronnelys:

DE KLERK, S. 2005. Ouers – dis julle taak! *Beeld*: 9, 23 Feb.

13. **Bladuitleg:** Titel van artikel en paragraafopskrifte – (nie hoof letters nie, behalwe waar hoofletters noodsaaklik is).
14. **Menings:** Menings wat in die artikels uitgespreek word, is telkens dié van die betrokke outeur en word nie noodwendig deur die redaksie of die *Koersvereniging van Suid-Afrika* onderskryf nie.
15. **Bydraes en korrespondensie en intekengeld:**

Alle Koers-artikels is gratis beskikbaar op die webblad www.koersjournal.co.za. Intekenaars ontvang aan die einde van 'n publikasiejaar al die artikels wat gedurende die jaar verskyn het in harde kopie. Navrae oor intekengelde, los eksemplare en bydraes kan aan die redakteur gerig word:

Koers
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte
Posbus 19124
Noordbrug
2522

E-posadres: support@koers.co.za